Education and Sport Development

Department of Education and Sport Development
Departement van Onderwys en Sportontwikkeling
Lefapha la Thuto le Tlhabololo ya Metshameko
NORTH WEST PROVINCE

GRAAD 10

AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL

VRAESTEL 1

JUNIE 2019

PUNTE : 120
TYD : 2 ½ UUR

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye

AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL

VRAESTEL 1
GEMEENSKAPLIKE TAAK

DATUM: JUNIE 2019 **GRAAD:** 10
TYD: 2 ½ UUR **TOTAAL:** 120

INSTRUKSIES EN INLIGTING
Hierdie vraestel bestaan uit **VIER** afdelings.

1. Beantwoord AL die vrae.

AFDELING A	Kyk- en Leesbegrip	VRAAG 1	30 punte
AFDELING B	Opsomming	VRAAG 2	10 punte
AFDELING C	Taal	VRAAG 3 - 5	40 punte
AFDELING D	Letterkunde (Eie vrae)	VRAAG 6	40 punte

2. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.

3. Trek ’n streep na elke afdeling.

4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Laat ’n reël oop na elke antwoord.

6. Skryf netjies en leesbaar.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

Afdeling A: Kyk- en leesbegrip

Vraag 1: Leesteks

Lees die onderstaande stuk en beantwoord die vrae wat volg.

Teks A

Suid–Afrika het ook ‘n baie beroemde baanbreker of pionier opgelewer.

1. Op Saterdagmiddag 2 Desember 1967 het ‘n tragedie op die ou einde verander in ‘n gebeurtenis wat die hele wêreld laat regop sit het.

2. ‘n Jong dame van 25 jaar is op hierdie Saterdagmiddag deur ‘n motor raakgery. Sy is in die Groote Schuur Hospitaal opgeneem waar sy breindood verklaar is. Haar naam was Denise Darvall.

3. In dieselfde hospitaal het daar ‘n 53-jarige pasiënt gelê. Hy het al ‘n hele paar hartaanvalle gehad wat sy hart onherstelbaar beskadig het. Sy naam was Louis Washkansky.

4. ‘n Briljante jong dokter, professor Christiaan Neethling Barnard, was ‘n hartchirurg by die Groote Schuur Hospitaal. Hy is op 8 November 1922 op Beaufort–Wes gebore. Sy pa was ‘n sendelingpredikant op hierdie dorp. Professor Barnard het al ‘n geruime tyd navorsing gedoen oor die moontlikheid van hartoorplantings op mense. Louis Washkansky was die ideale kandidaat. Professor Barnard en sy span medici wat hom sou bystaan, het al weke lank gewag vir ‘n geskikte hart. Denise Darvall se hart het aan al die vereistes voldoen.

5. Op Sondag 3 Desember 1967 het die heel eerste hartoorplanting net ná middernag begin. Om twee minute voor ses daardie oggend is die nuwe hart in Louis Washkansky se borskas met ‘n elektriese skok aan die gang gesit.

6. Na die operasie het Washkansky sy volle bewussyn herwin en hy kon maklik met sy vrou praat.

7. Dit was ‘n belangrike geskiedkundige gebeurtenis. Professor Barnard het die waagmoed gehad om die heel eerste hart op ‘n mens oor te plant - ‘n “eerste” in die wêreld! Vandag is hartoorplantings wêreldwyd ‘n algemene operasie.

8. Na sy aftrede het hy die Christiaan Barnard Stigting, wat hulp aan minder - bevoorregte kinders oor die wêreld heen verleen, begin.

9. Op 2 September 2001 het Suid-Afrika se “koning van harte” op die ouderdom van 78 jaar gesterf. Hy is een van die bekendste Suid-Afrikaners en ons is trots op hom.

[Verwerk uit Siyavula]

***Woordverklaring**

Baanbreker/pionier – *pioneer*
Tragedie – *tragedy*
gebeurtenis – *event*
opgeneem – *admitted*
breindood – *braindead*
hartaanvalle – *heart attacks*
onherstelbaar – *irreparable*
beskadig – *damaged*
hartchirurg – *heart surgeon*
sendelingpredikant – *missionary, pastor*
geruime tyd – *quite some time*
navorsing – *research*
hartoorplanting – *heart transplant*
vereistes voldoen – *met requirements*
middernag – *midnight*
elektiese skok – *electrical shock*
volle bewussyn herwin – *regain full consciousness*
geskiedkundige gebeurtenis – *historical event*
minder bevoorregte – *less privilege*
Stigting – *Foundation*

1.1 Kies die regte antwoord tussen hakies?

Pionier beteken om (eerste/laaste) te wees in jou gebied (*area*). (1)

1.2 Waarin het hierdie tragedie verander volgens paragraaf 1? (1)

1.3 Wat was hierdie tragedie waarvan gepraat word? (1)

1.4 Hoe oud was die dame (*lady*) wat in hierdie tragedie dood is? (1)

1.5 In watter hospitaal is hierdie dame opgeneem (*admitted*)? (1)

1.6 Wat was haar toestand(*condition*) toe sy by die hospitaal opgeneem is? (1)

1.7 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.7) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 1.7 E

Met “breindood” word bedoel dat ‘n persoon …

A. se brein nooit lewendig was nie.
B. se brein nie meer funksioneer nie.
C. nie ‘n brein gehad het nie.
D. nuwe siektes opgedoen het. (1)

1.8 Louis Washkansky se hart sou sy lewe gekos het.

Waarom is hierdie stelling WAAR? (1)

1.9 Waar is Professor Barnard gebore (*born*)? (1)

1.10 Wat se werk het Professor Barnard by die Groote Schuur Hospitaal gedoen? (1)

1.11 Hoe weet ons dat Professor Barnard in ‘n godsdienstige *(religious*) huis grootgeword? (2)

1.12 Waarom kan ons sê dat hy nie ‘n kans (didn’t *take a chance*) met die hartoperasie gevat het nie? (1)

1.13 Hoekom was Louis Washkansky die ideale (*ideal*) persoon vir die hart-operasie? (1)

1.14 Waarom het hulle spesifiek Denise Darval se hart gebruik? (1)

1.15 Skryf die volledige datum van die eerste hartoorplanting neer? (1)

1.16 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraag-nommer neer, byvoorbeeld 1.16 E.

Die eerste hartoorplanting het in … plaasgevind.

A. Mosambiek
B. Amerika
C. Brittanje
D. Suid-Afrika. (1)

1.17 Hoe het hulle Washkansky se hart na die operasie weer laat klop (*start*)? (1)

1.18 Noem EEN ding wat vir ons sê dat die operasie ‘n sukses (*success*) was. (1)

1.19 Waarom dink jy wou Professor Barnard minder bevoorregte (*less privileged*) kinders help? (1)

1.20 Wat was Professor Barnard se bynaam (*nickname*)? (1)

1.21 Is dit vir jou belangrik om beroemd (*famous*) te wees? Motiveer. (1)

1.22 Hoe, dink jy, trek Suid-Afrika voordeel (*benefit)* uit die beroemdheid (*fame*) van sy burgers (*citizens*)? (1)

1.23 Dink jy dit is reg om iemand se hart in ‘n ander persoon te sit? Motiveer (1)

Teks B: Visuele teks

Bestudeer die teks hieronder en beantwoord die vrae



1.24 Hoeveel Provinsies het ons in Suid- Afrika? (1)

1.25 Watter Provinsie het die meeste aan mediese sorg per persoon bestee (*spend*)? (1)

1.26 Watter Provinsie het die minste per persoon bestee? (1)

1.27 Vir watter tydperk (jaar) is hierdie statistieke (*statistics*) geneem? (1)

1.28 Watter bron (*source*) het hierdie statistieke verskaf *(provided*)? (1)

1.29 Doen Suid-Afrika genoeg om sy burgers (*citizens*) gesond te hou? Antwoord Ja of Nee en motiveer jou antwoord. (1)

TOTAAL AFDELING A: (30)

Afdeling B: Opsomming

Vraag 2

Teks C: Wenke oor hoe om beter te voel as jy siek is.

- Som in sewe volsinne op oor **hoe om beter te voel as jy siek is.**
- Skryf die volsinne PUNTSGWYS en in jou eie woorde neer.
- Nommer die volsinne van 1 tot 7.
- Jou opsomming mag nie langer as 60 woorde wees nie.
- Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

Hoe om beter te voel as jy siek is.

1. Neem ‘n lekker warm bad in die oggend. Wanneer jy skoon voel, lyk alles rooskleurig.

2. Maak seker jy het die regte medikasie byderhand. Dit is nie lekker om by die werk te sit met ‘n pyn sonder die regte medikasie nie.

3. Bly weg van koffie en gemorskos. Dit mag jou slegter laat voel.

4. Wanneer jy siek is voel dit asof jy skaars kan praat. Moenie die hele dag lank vir almal in die fynste besonderhede vertel wat met jou verkeerd is nie.

5. Bel onmiddellik die apteek. Onthou, daar is apteke wat aflewer – selfs al het jy nie ‘n rekening by hulle nie.

6. Stel vergaderings of afsprake wat stresvol mag wees uit. Dit is nie moontlik om te konsentreer as jy siek is nie.

7. Maak ‘n afspraak by jou huisdokter oor middagete. As jy wag tot jy dodelik siek is voor jy jou dokter gaan sien neem dit langer om gesond te word.

(www.health24com)

Totaal Afdeling B: 10

Afdeling C: Taalstrukture en -konvensies

Vraag 3: Advertensie

Teks D

Lees en bestudeer die advertensie (Teks D) hieronder en beantwoord die vrae.

www.google

3.1 Wat word hier geadverteer? (1)

3.2 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Vir elke storie wat vertel word, skenk Bio-oil …

A. R 5.
B. R 20.
C. R 10.
D. R100. (1)

3.3. Die vrou in die advertensie lag.

Gee die VERKLEININGSVORM van **vrou**. (1)

3.4. Die woord **gedeel** bestaan uit die lettergrepe **ge-deel**
Verdeel die woord **aanvaar** in LETTERGREPE. (1)

3.5. Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 3.5 E.

Bio-oil word vir die behandeling van … gebruik.

A. hande
B. littekens
C. voete
D. oë (1)

3.6. WEN Bio-olie-geskenkpakke of 1 van 2 Apple iPads.
Skryf die getal **2** as 'n woord. (1)

3.7. Gee die INTENSIEWE VORM van die woord tussen hakies, byvoorbeeld koud – yskoud.

My vel was (hard). (1)

3.8. Skryf die volgende sin in die VERLEDE TYD, byvoorbeeld: Ek loop – Ek het geloop.

My tannie leer my. (1)

3.9. Bio-Oil skenk R10 vir elke storie wat gedeel word.

Vir wie word die R10-skenkings gebruik? (1)

3.10 Waarom, dink, jy gebruik mense Bio-oil? (1)
(10)

Vraag 4: TEKS E Spotprent

Lees en bestudeer die spotprent (Teks E) hieronder en beantwoord die vrae.



(www.google images)

4.1 Kies die regte woord tussen hakies.

Die pasiënt lyk (gelukkig/ongelukkig). (1)

4.2 Skryf die volgende sin in die TOEKOMENDE TYD.

Die pasiënt kla by die dokter. (1)

4.3 Skryf die volgende sin in die VERLEDE TYD**.**

Die pasiënt lyk siek. (1)

4.4 Gee die ANTONIEM (teenoorgestelde) van die woord wat onderstreep (*underlined*) is.

Die kliniek waar die pasiënt is, is baie **goedkoop**. (1)

4.5 Kies die regte woord tussen hakies.

Die pasiënt sit (op/langs) die bed. (1)

4.6 Vul die ontbrekende (*missing*) woord in.

Die dokter dra 'n _____ om beter te kan sien. (1)

4.7 Skryf die volgende sin in die ONTKENNENDE VORM.

Die pasiënt kan die diagnose bekostig. (1)

4.8 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 4.8 E.

Die KORREKTE VORM (*form*) van die woord **daai** is, …

A. daarom.
B. daarvan.
C. daardie.
D. daarmee. (1)

4.9 Gee die AFKORTING (*abbreviation*) van die woord wat onderstreep is.

Die **dokter** is kwaad vir die pasiënt. (1)

4.10 Verbind die sin met die VOEGWOORD tussen hakies.

Die dokter is ryk. Die pasiënt is arm. (en) (1)

(10)

Vraag 5

5.1 Lees die teks (Teks F) hieronder en beantwoord die vrae.

Teks F: Leesteks

Let op wat jy eet

Jy moet altyd 5.1**(goed/goeie)** gesondheid geniet. Jy moet let op die hoeveelheid sout, vet en 5.2 **(suiker/soeker)** wat jy eet.

Eet 5.3 **(appels, piesangs, lemoene)** en 5.4 **(aartappels, pampoen, boontjies)** om jouself gesond te hou.

Baie sout kan veroorsaak dat jou 5.5 **(bloed+druk)** verhoog. Gebruik speserye eerder as sout om 5.6 **(jy / jou)** kos te geur.

Mense word elke jaar 5.7**(siek)** in die herfs.

5.8 **(Wat kan jy doen om voedselvergiftiging te keer).** Om hierdie risiko 5.9 **(…)** verminder moet jy jou kos deeglik gaarmaak.

5.10 **('n/Die)** kos wat ons eet moet altyd van die beste kwaliteit wees.

Oefen ten minste vir 5.11 **(30)** minute per dag. Probeer altyd oefeninge doen 5.12 **(geniet wat jy).**

Moenie aanhou eet wanneer jy nie meer 5.13 **(…)** is nie.

Onthou altyd om jou 5.14 **(hand)** te was wanneer jy met kos werk.

www.google.Let op wat jy eet

5.1. Kies die KORREKTE WOORD tussen hakies

Jy moet altyd **(goed/goeie**) gesondheid geniet. (1)

5.2. Kies die KORREKTE WOORD tussen hakies.
Jy moet let op die hoeveelheid **(suiker/soeker**) wat jy eet. (1)

5.3. Gee EEN woord vir die woorde tussen hakies.

Eet **(appels, piesangs, lemoene)** om jouself gesond te hou. (1)

5.4. Gee EEN woord vir die woorde tussen hakies.

Eet **(aartappels, pampoen, boontjies)** om jouself gesond te hou. (1)

5.5. Gee die korrekte SAMESTELLING van die woorde tussen hakies.

Baie sout kan veroorsaak dat jou **(bloed+druk)** verhoog. (1)

5.6. Kies die korrekte VOORNAAMWOORD tussen hakies

Gebruik speserye eerder as sout om **(jy/jou)** kos te geur. (1)

5.7. Gee die ANTONIEM van die woord tussen hakies.

Mense word elke jaar **(siek)** in die herfs. (1)

5.8. Skryf die volgende sin oor en vul die korrekte LEESTEKEN in.

<u>Wat kan jy doen om voedselvergiftiging te keer</u> (1)

5.9. Vul die ontbrekende INFINITIEF in.

Om hierdie risiko **…** verminder moet jy jou kos deeglik gaarmaak. (1)

5.10. Kies die korrekte LIDWOORD tussen hakies.

('n/Die) kos wat ons eet moet altyd van die beste kwaliteit wees. (1)

5.11. Skryf die GETAL wat tussen hakies is in woorde.

Oefen ten minste vir **(30)** minute per dag. (1)

5.12. Skryf die sin voluit en gee die korrekte VOLGORDE van die woorde in hakies.

Probeer altyd oefeninge doen **<u>(geniet wat jy)</u>**. (1)

5.13. Vul die ONTBREKENDE (*missing*) woord in.

Moenie aanhou eet wanneer jy nie meer **(…)** is nie. (1)

5.14. Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.

Onthou altyd om jou **(hand)** te was wanneer jy met kos werk. (1)

(14)

5.2 **Teks G: Leesteks**

Kyk na die prente hieronder en beantwoord die vrae.



www.google

Kies elke keer die korrekte woord tussen hakies.

5.2.1. Die hartoorplanting was ‘n groot (sukses/mislukking). (1)

5.2.2. Die gebeure by Life Esidimeni was ‘n (gelukkige/hartseer) storie. (1)

5.2.3. Die dokter se gesig wys dat hy (ongelukkig/tevrede) is met sy werk. (1)

5.2.4. Die (trane/spoeg) is ‘n teken van hartseer. (1)

5.2.5. Die (kleure/klere) wat die dokter aan het, is mooi skoon. (1)

5.2.6. ‘n (Rooi/swart) hart is altyd ‘n simbool van liefde. (1)

Totaal Afdeling C: 40

Afdeling D: Letterkunde (eie vrae)